

VER IN DIE OU KALAHARI POMP DIE SON WATER

Sonder water kan jy nie in die Kalahari boer nie, maar wat maak jy as die water meer as 100 kilometer ver gepomp moet word in 'n tyd wat diesel so duur is?

Gelukkig het die Kalahari 'n groot, onontginde kragbron. Veeboere in die weste van die Kalahari span deesdae die son op groot skaal in om gesuiverde water vir hul huise en veesuiplings van Upington af te pomp. Water word via drie sublyne verskaf aan 75 van die 86 plase wat die watergebruikersvereniging Kalahari-Wes bedien.

Volgens mnr. Pierre Nel, hoof uitvoerende beampte van die watergebruikersvereniging, is die sonkragprojek daarop gemik om die dieselaangedrewe pompe by Haakdoornduin te vervang. "Ons voorsien dat die werking van die bestaande dieselpompe aansienlik ingekort sal word, en dat hulle slegs as rugsteun saans en as bystandpompe gebruik sal word."

Die kragbron bestaan uit 176 sonpanele van 200 watt elk. Die panele is in groepe van 11 panele op 16 rame gegroepeer. Die rame is ontwerp om tydens spitsonttrekkingstye almal na die son te draai vir die maksimum kragvoorsiening. Die 35,2 kW-sonkragpompstelsel bestaan uit twee Lorentz-tipe PS21k-op-pervlakkpompe, elk aangedryf



BO: Die son pomp water in die Kalahari.

REGS: Mnr. Ockie Thomas (links) van Agri Solar op Upington, wat die sonpanele verskaf en die installering daarvan gedoen het, en Uwe Klingenberg van KG Electric, die verskaffers van Lorentz-pompe.



deur 17,6 kW fotovoltaiiese spitstyd-sonkragaan-drywers en verskaf 'n nominale werkverrigting van 75 m³ per dag teen 70 m totale druk.

Die vorige dieselpompstelsel is vanjaar in sy 29ste jaar. Dié staatsgesubsidieerde skema het destyds R11,5 miljoen gekos en vervanging met 'n soortgelyke stelsel sal nou sowat R90 miljoen kos, sê Nel.

Die sonpompstelsel kos R1,6 miljoen en die boere

betaal self daarvoor.

Nel en mnr. Andries Vermeulen, voorsitter van die watergebruikersvereniging se bestuur, sê hulle het die projek vir meer as twee jaar oorweeg. Faktore, soos 'n beter verhouding tussen prys en prestasie van fotovoltaiiese tegnologie, die beskikbaarheid van meer betroubare en groter sonkragpompe, asook die skerp toename in dieselmotors, het daartoe bygedra om die sonpomp-

projek in werking te stel. "Ons glo dat ons die koste van die stelsel met goeie bestuur binne 'n tydperk van vyf tot ses jaar kan verhaal," sê Nel en Vermeulen.

Die verskaffings- en installeringkontrak is aangegaan met Agri Solar van Upington met die samewerking van die Johannesburgse firma KG Electric wat die verskaffer van Lorentz-sonpompe in Suid-Afrika is.

- AMELIA GENIS